

SAHARA-AVONTUUR REEKS
No. 27
Storm oor
Dini Salam
Meiring Fouché

# Hoofstuk 1

In die dorp Dini Salam in die suidelike Sahara waar die hoofgarnisoen van die Franse Vreemdelegioen in hierdie dele gehuisves is, heers daar chaos en spanning. Die plek word oorspoel deur 'n drukkende, skuiwende, joelende menigte asof die hele bevolking van die Sahara deur 'n sterk wind hier saamgegooi is.

Op die borswering van die vesting - die hoofvesting in hierdie deel van die woestyn - staan die legioenmanne skouer aan skouer. Die nekdoeke van hul kepi's staan sag fladderend in die wind, hul gewere is gereed in die hande, hul bajonette blinkend.

Hierdie manne staan en afstaar op die merkwaardigste toneel wat hulle nog ooit aanskou het. Tot hier teen die mure van die vesting golf die Arabierse menigte, skreeuend en drukkend, die vuiste swaaiend in die lug, en tussen hulle deur beweeg die woestynkrygers met hul perde, hul kromsabels flitsend in die helder son.

En ver agter die verwoede gedrang om die vesting oor die oop woestyn, kom hulle nog steeds aan, streep-streep, bondel-bondel of in lang falankse, klein soos miere wat doelbewus en dodelik oor die sand aangekruip kom. Die skare groei meer en meer aan, word wyer en digter om die vesting en elke keer spring die haat uit duisend kele.

Agter die Legioenmanne op die borswering beweeg die offisiere heen en weer om te sien dat daar geen fout kom nie. In die binneplaas reg hier voor die groot poort wat dig gesluit is met sy swaar traliehekke, is twee masjiengewere opgestel en hul kort snoete blink onheilspellend in die son. Agter die manne op die borswerings staan hier en daar 'n kis met handgranate.

Daar is omtrent nie 'n Legioenman wat nie baie sweet in sy oë voel nie. Of die koue gevoel langs sy luggraat af nie. Daar is nie 'n vinger wat nie bewend om die sneller lê nie. Soos 'n lewendige muur staan hulle daar en wag op die een vonk wat dalk die kruitvat kan laat ontplof, daardie een klein gebeurtenis wat hierdie skare Arabiere miskien tot die laaste histerie sal dryf wanneer hulle soos diere teen die klipmure van die vesting sal opswerm. Dit is nie die eerste maal wat hierdie Legioenmanne so 'n menigte aanskou nie, hoewel dit nog nooit so groot was nie.

Keer op keer het hulle al so op die borswerings gestaan voordat die aanval gekom het. Hulle ken die doodsveragting van hierdie mense. Hulle weet dat wanneer die bevel kom, hierdie Arabiere teen die mure sal opklouter. Hulle sal die skepsels hier van bo af in hul honderde, miskien in hul duisende doodskiet, maar daar sal altyd ander wees wat kom totdat die vesting deur blote getalle oorweldig sal word.

En as Dini Salam val, dan lê die pad oop na Algiers, na die kus. Dan lê die pad oop na die neerlaag van die hele Franse Legioen.

Hier naby die een hoek van die borswering, aan die suidoostekant, staan 'n lang Legionnaire net so gereed soos al die ander. Hy is 'n lang blonde man met helderblou oë, 'n paar breë skouers en die liggaam van 'n atleet. Sy naam is Teuns Stegmann en hy is die enigste Suid-Afrikaner in die Franse Vreemdelegioen. Langs hom staan 'n reus van 'n man met 'n bulnek en 'n vreeslike pankop en 'n taamlike rooierige gelaat. Sy naam is Fritz Mundt, 'n Duitser en 'n man met die reputasie dat hy die sterkste man in die hele Legioen is.

"Het jy hulle al ooit so gesien, mon ami?" vra Frits Mundt vir Teuns.

"Nog nooit nie," beken die Suid-Afrikaner. "Net so het ek hulle nog nooit gesien nie. Kyk hoe kom hulle aan. Dit lyk asof hulle deur 'n wind hier aangewaai kom."

Saam kyk hulle uit oor die kaal woestyn wat lyk asof dit skielik aan lewe gegaan het soos die Arabiere nog steeds naderkom. Van oos en wes. Van suid en noord kom hulle. Die twee swyg 'n oomblikkie en staar na die oorweldigende toneel voor hulle. En toe Teuns Stegmann weer praat, is sy stem hees en laag. "Jy sien natuurlik wat vannag gebeur het, Fritz," sê hy.

"Wat bedoel jy?" vra die groot Duitser want hy is iemand wat dinge nie vinnig snap nie.

"Die Doelak-leër het ook vannag opgedaag," sê die Suid-Afrikaner. "Daar lê hul kamp in die suidweste."

"Ja, sowaar," antwoord Fritz. "Ek sê vir jou, as die Doelaks besluit om met ander Arabiere saam te veg, dan lyk die ding lelik. Op hoeveel skat jy hulle wat nou hier is?" vra hy.

Teuns neem die skare met sy oë op en 'n oomblik verdwyn die gejuig uit sy ore, die geskreeu, die uittarting.

"Ek sê vir jou," spreek hy eindelik die Duitser aan, "hier is nie een minder as dertigduisend nie."

"Ja, ek skat ook so," beaam Fritz. "Dertigduisend. Ons het nie 'n kans nie, mon ami."

"Nee, ons het nie 'n kans nie," bevestig Teuns. "As hulle ons hierdie keer wil oorrompel, sal hulle ons oorrompel. Dit staan soos 'n paal bo water. Ek hoop net nie kolonel Le Clerq maak hierdie slag 'n fout nie."

"Ek wil nie in sy skoene wees nie," sê Fritz.

"Nog minder ek. As hy hierdie keer die verkeerde ding doen, dan is ons in ons peetjie met hierdie vesting en al, en dan is die gort gaar in die Sahara."

Meteens vang die Suid-Afrikaner se oog iets na die suidwestekant toe. Sy linkerhand vlieg uit en hy gryp Fritz se arm vas. "Kyk daar!" sê hy,

Fritz hyg na sy asem toe hy kyk in die rigting waarin die Suid-Afrikaner beduie. Daar lyk dit asof iemand 'n miernes oopgeskop het. Oor die verste duinerimpeling kom nou 'n soliede massa Arabiere aan. Hulle trek nie een-een en twee-twee nie, nie in klompies nie; hulle beweeg in 'n soliede massa wat lyk asof dit die horison laat buig. Hul kromsabels glinster soos wit kolletjies vuur en aan die manier waarop hulle trek, weet Teuns meteens wie hulle is.

"Die Berbers!" roep hy uit, byna asemloos van verwondering.

"Die Berbers!" weeklink die woord uit Fritz se mond. "Selfs die Berbers. Maaar hulle was ons nog altyd redelik goedgesind."

"Ek weet," antwoord Teuns "maar op hierdie dag kom selfs die Berbers aan om te veg."

Fritz vee die sweet uit sy oë. "Dit is lelik," sê hy asof dit nog nodig is om dit te sê. Met 'n gevoel van ontsetting besef nie alleen hierdie twee Legioenmanne nie maar ook die ander wat hierdie nuwe verskynsel aanskou, dat daar in baie, baie jare seker nog

nooit so veel dodelike eensgesindheid onder die Arabiere was ons op hierdie dag wanneer selfs die Berbers, die tradisionele vyande van die Doelaks bereid is om skouer aan skouer met hulle te veg nie.

Teuns Stegmann en Fritz Mundt draai half om, kyk oor hul skouers toe hulle die stem hier agter hulle hoor. "Daar kom die Berbers, mes amis."

Dit is die stem van een van die beroemdste en mees roekelose vegters van die Saharawoestyn. Dit is die klein, byna kinderlike stemmetjie van kaptein D'Arlan, 'n tengerige blas mannetjie wat die reputasie het dat hy een van die mees meedoënlose en een van die mees geslepe aanvoerders is in die hele Sahara.

"Ja, daar kom die Berbers, mon capitaine," sê Teuns Stegmann.

"Goeie genade," laat D'Arlan hoor "maar die hele Sahara is in opstand. Die Berbers, Doelaks, Toeareks—al wat leef en beef, is besig om op Dini Salam saam te trek. Ek wil eers gou vir die kolonel die nuus gaan gee."

D'Arlan se stewels klap vinnig op die planke van die borswerings toe hy hom na die trap haas wat aflei na die binneplaas. Hy draf oor die binneplaas na die kantoor van kolonel Le Clerq, die gryserige, senuweeagtige aanvoerder van die garnisoen van Dini Salam.

Toe D'Arlan binnekom, swaai Le Clerq voor die venster om. Sy oë is bloedbelope en sy gesig rooierig en glansend van al die konjak wat hy al weggeslaan het vandat hierdie nuwe krisis hom oorval het.

"Watter jobstyding bring jy nou, Capitaine?" vra Le Clerq sinies.

D'Arlan salueer vinnig en kom die vertrek verder binne. "Dit is die Berbers, mon colonel," sê D'Arlan. "Die Berbers kom ook aan."

"Die Berbers?" vra Le Clerq hard en beweeg vinnig na sy lessenaar. "Wil jy vir my sê die Berbers kom ook?"

"Dit is so, mon colonel. Ons het hulle nou net die eerste maal gewaar. Hulle kom uit die suid-weste aangetrek."





"Hoeveel?"

"Dit is baie moeilik om te sê, mon colonel. Hulle is nog ver, maar vir my lyk dit na 'n groot leër."

Le Clerq gaan sak wesenloos op sy stoel neer, pluk die boonste laai oop, ruk sy bottel konjak uit en drink sommer 'n paar diep hale uit die bottel. Dit is wat Le Clerq maar altyd doen wanneer die moeilikhede vir hom te veel word. Hy stamp die laai vinnig toe en slaan met sy vuis op die lessenaar. "In godsnaam, D'Arlan," bars hy uit, "Wat gaan ons aanvang? Die ganse Sahara is in opstand. Wat gaan ons aanvang, vra ek jou. As selfs die Berbers teen ons optrek, dan kan ek nie aan 'n stam dink wat nog nie in opstand is nie. Ek sê jou, ons sal hulle nie kan weerstaan nie!"

D'Arlan dink aan die toneel wat hy so pas daar buite in die son aanskou het—'n vreesaanjaende toneel van duisende Arabiere wat om die vesting maal en van die menigte wat nog steeds oor die sand aankom.

D'Arlan kom senuweeagtig sit en dit is nie 'n eienskap van D'Arlan dat hy senuweeagtig is nie. Sy hande bewe effens op die tafel toe hy sy offisierstaf daarop neerlê.

"Ek vra jou, D'Arlan, wat gaan ons aanvang?" Le Clerq se stem is skerp byna wanhopig.

Maar D'Arlan wat nie alleen 'n skitterende vegter is nie, maar ook 'n uitgeslape diplomaat, antwoord nie sy hoof se vraag nie. Pleks dat hy dit beantwoord, stel hy 'n teenvraag.

"Het u nog nie antwoord van Algiers nie?" vra hy.

Le Clerq skud sy kop heftig en plak sy kepi op die lessenaar neer. "Nee," antwoord hy "ek het nog nie die antwoord van hulle nie. Jy weet mos hoe dit met hulle is. Wanneer 'n mens 'n antwoord op sy dringendste verwag, dan sloer en draai hulle dae lank en ek is seker, D'Arlan, wanneer ons die antwoord van die opperbevel kry, sal dit die verkeerde antwoord wees. As ons hierdie ou vloek van 'n Arabier tog maar nooit gevange geneem het nie."

D'Arlan kyk in die oë van kolonel Le Clerq en hy is seker dat hy 'n oomblik vrees daar gewaar het. Vrees en onsekerheid. Twee van die mees fatale eienskappe in hierdie kritieke situasie waarin hulle

nou verkeer.

"Ons moet maar net kalm bly, mon colonel," raai die kaptein aan.

"Kalm bly?" vra le Clerq, sy stem hard en wankelend. "Kalm bly in hierdie toestand? Kalm bly wanneer 'n onkeerbare vloed besig is om ons te verswelg?" Hy leun meteens vooroor oor sy lessenaar. Sy oë glimmend van erns. "Dink jy vir 'n oomblik, D'Arlan, dat hierdie garnisoen van Dini Salam in staat sal wees om hierdie Arabiese massas teë te hou wanneer hulle besluit om aan te val? Dink jy dit? As jy so dink, sê dit vir my, dan sal jy my gemoed ook miskien rustig stem."

D'Arlan weet dat 'n onmoontlike vraag aan hom gestel is. In sy hart weet hy dat hulle nie bestand is teen die steeds aangroeiende massas wat uit alle rigtings op hulle aanskuif nie. Aan die anderkant wil hy tog nie by Le Clerq die indruk wek dat hy ook glo dat hul neerlaag voorbestem is nie.

Daarom praat D'Arlan sag, bemoedigend en taktvol. "Mon Colonel," sê hy, "hierdie is tog seker nie die eerste krisis waarin ons twee ons saam bevind het nie. En nog elke keer in die verlede was daar vir ons op een of ander manier uitkoms."

"Dit is alles goed en wel," antwoord Le Clerq, "maar ek kan nie onthou dat ons al ooit in so 'n krisis soos hierdie was nie. Ek weet jy wil my graag moed inpraat, D'Arlan, maar ons kan maar net sowel die feite onder die oë sien. As die opperbevel aan ons die verkeerde instruksie gee, sê ek jou, sal ons almal hier in Dini Salam uitgewis word."

"Is dit nie beter, mon colonel," antwoord D'Arlan, "om te wag totdat ons die bevel uit Algiers ontvang nie?"

"Ek kan nie verstaan dat hulle nog nie geantwoord het nie. Ek het pas 'n uur gelede nogmaals per radio om hul beslissing gevra," antwoord Le Clerq. "Generaal Gerard is nou al ruim 'n week terug hiervandaan nadat die krygshof gesit het en nog het ons nie 'n antwoord nie. Vanoggend het ek hulle dit op die harte probeer druk dat die krisis vir ons hier elke uur gevaarliker word en dat hulle hul bevel so gou as moontlik moet deurstuur. As ek net wis wat om met





hierdie ellendige ou Arabier te doen, dan sou die posisie ook veel makliker gewees het. Dit is hierdie onsekerheid wat my mal maak. Op die krygsverhoor hier het Gerhard tog al die feite gekry. Hy moes dit net aan die opperbevel gaan voorlê en hulle moet op grond daarvan net besluit. Waarom draai hulle so lank?"

"Dit is nie 'n maklike besluit om te neem nie, mon colonel," sê D'Arlan. "U weet dit goed."

"Ja, ja ek weet dit. Maar hulle hoef nie die hele week daarop te broei terwyl ons posisie ál gevaarliker word nie."

Gedryf deur angs en onrus staan Le Clerq skielik op. "Is ons voorbereid tot in die fynste besonderhede, D'Arlan?" vra hy en vee die sweet 'n slag van sy voorkop af weg.

"Ons is so voorbereid as wat ons kan kom, mon Colonel," antwoord die kaptein. "Ek het die grootste deel van die garnisoen op die borswering. Die reserwes rus in die slaapsale. Selfs húl gewere is gelaai en hul bajonette is aan. Hulle kan ook binne sekondes op die borswerings wees."

"Die reserwes," sê Le Clerq met 'n kort lag. "Die oomblik wanneer dit vir ons nodig word om die reserwes te gebruik, is ons reeds verlore, mon Capitane."

D'Arlan probeer dit aflag. "Ek dink u is 'n bietjie neerslagtig, mon, colonel. Daar sal baie bloed vloei voordat een Arabier op die borswering van Dini Salam verskyn."

"D'Arlan," sê Le Clerq, "ek waardeer altyd jou moed. Maar hierdie keer sal ons meer nodig hê as moed. Ons sal 'n wonderwerk nodig hê."

Daarmee gryp hy sy pet en sy offisierstaf op en stap vinnig uit, gevolg deur D'Arlan. Le Clerq trippel die trap op na die borswering. Hy bars deur die linie van legioensoldate tot aan die kant en hy neem weer die toneel op hier om die vesting. Toe sy klein smal figuur daar verskyn, bars die kreet onder die Arabiere los soos die gerammel van donderweer. Dit begin op een plek en dit waaier uit deur die digte geledere totdat dit voel asof die hele lug, die hele Sahara gevul is met die haatkreet van hulle wat daar vergader is.

Wat Le Clerq aanskou, laat hom sidder. Die Berberleër het reeds

aangesluit by die buitenste kring van die Arabierse massas. Dit is 'n gedrag van mens en ruiter so ver as wat jou oog kan sien en nog steeds kom nuwe aankomelinge oor die horison aan. Groepies en klompies ruiters, banke ruiters en hier, feitlik aan sy voete, drom hulle teen die vestingmure aan. Op baie plekke tussen die skare sien hy reeds toulere met die ysterhake daaraan. Hulle wag net - dit weet hy. Wag net op iets wat hulle aan die brand sal steek.

Sy enigste beskerming tot sover, dit weet hy, is 'n ou Arabier wat daar in die tronksel van die vesting gevange gehou word. Dit is sy enigste skild en as iets in verband met daardie ou Arabier verkeerd gaan, so weet Le Clerq, dan gaan die hel los wees in Dini Salam.

Hy staar nog 'n rukkie na die vloedgolf verbete vyande wat onder om Dini Salam saamgedrom lê en toe, met sy liggaam styf, sy ore suisend, stap hy terug na die trap wat na onder voer. D'Arlan volg hom weer. Hulle gaan terug na Le Clerq se kantoor. Hulle gaan sit daar, sonder dat hulle eintlik weet wat om vir mekaar te sê. Hulle sit 'n kwartier so, byna woordeloos asof hulle altwee wag op 'n groot gebeurtenis.

Toe vlieg die deur oop en daar verskyn die radiografis, sy gesig wit en swetend en sy oë groot. Hy salueer vinnig en sonder om die saluut te beantwoord, wink Le Clerq hom nader. "Het jy iets van Algiers gehoor?" vra hy.

"Ek het 'n boodskap hier, mon colonel," sê die radiografis en lê die klein stukkie papier voor Le Clerq op sy lessenaar neer.

Terwyl Le Clerq lees, sien D'Arlan hoedat sy gesig verstroef, hoedat dit bleek word hoedat hy sy kake opmekaar klem.

Toe hy eindelik na D'Arlan kyk, lyk sy oë verslae, verskrik, wanhopig.

"Die opperbevel moet waarlik kranksinnig wees," sê Le Clerq. Hy oorhandig die stukkie papier aan D'Arlan.

Die kaptein word yskoud toe hy die kort boodskap lees.

"Die opperbevel beveel dat die emir Hoessein Moellah so gou as moontlik tereggestel word. Met die oog op al die feite soos geopenbaar by die krygsverhoor, vind die opperbevel dat daar geen alternatief is nie - Gerard, Generaal, namens Opperbevel van die Franse





Vreemdelegioen."

D'Arlan lê die stukkie papier voor hom neer en toe brand die sweet in sy oë.

Colonel Le Cerq trek die stukkie papier waarop die boodskap van die opperbevel in Algiers geskryf is, weer voor hom, lees dit nog 'n maal asof die inhoud daarvan nog nie mooi tot hom deurgedring het nie. Maar toe hy dit 'n tweede keer deurgelees het, brand die een feit soos 'n vlam in sy brein. So spoedig as moontlik moet hy die bejaarde, beenderige ou Arabier wat nou sy gevangene is, voor die vuurpeloton plaas en hom doodskiet. Hierdie feit is vir hom verlammend. Hy weet so goed wat die resultate daarvan gaan wees. Dit laat die sweet opnuut uit hom bars en daar is 'n bewerigheid in sy hande.

"Dit is onmoontlik," sê Le Clerq. "Ons kan dit nie doen nie!" Hy vryf sy handpalms wanhopig teen mekaar. "En tog sal ons dit moet doen, D'Arlan."

"Mon colonel," sê D'Arlan, "die keuse is vir ons eenvoudig. As ons die emir laat leef, sal ons leef. As ons hom fusilleer, beteken dit vir ons die einde. Op hierdie dag sal ons moet besluit of ons 'n hele garnisoen gaan opoffer, of ons die pad na Algiers vir die Arabierse hordes oopstel net omdat ons 'n bevel van die opperbevel wil uitvoer."

Le Clerq se mond val oop. "Mon capitaine," sê hy sag maar met nadruk "wil jy vir my sê jy oorweeg dit om 'n bevel van Algiers te verontagsaam? Wil jy vir my sê jy oorweeg dit om 'n bevel wat deur generaal Gerard onderteken is, nie uit te voer nie? Besef jy wat dit beteken? Dit kan die einde beteken van nie alleen mý loopbaan in die Franse Vreemdelegioen nie, maar ook van jou loopbaan. Het jy al daaraan gedink?"

Daar kom iets hard en onversetlik in die klein blas kaptein se oë. "Mon colonel," sê D'Arlan "op hierdie dag dink ek net aan die garnisoen van Dini Salam. Hulle sal ons uitwis tot die laaste man toe. Besef u dit?"

"'n Rukkie gelede het jy nog so baie moed gehad, mon capitaine? Toe het jy kans gesien vir die situasie. Hoe praat jy nou?"

"Mon colonel, daar is oomblikke wanneer 'n mens kan vaag wees. Daar is oomblikke wanneer mens jou self moedig kan hou. Maar daar is ook oomblikke wanneer 'n mens die onvermydelike,





die onveranderbare onder die oë moet sien."

"Beantwoord vir my een vraag. Is jy bereid om jou loopbaan van die Vreemdelegioen op te offer?"

"Ek is bereid om my loopbaan in die Vreemdelegioen op te offer, mon colonel, as ek daarmee die lewens van 'n garnisoen kan behou. As ek daarmee die pad gesluit kan hou na die kus en na Algiers. Het u al daaraan gedink wat dit sal beteken as hulle die garnisoen van Dini Salam uitwis? Het u al daaraan gedink wat sal gebeur as hierdie verenigde Arabierse mag, die grootste wat ons nog aanskou het, aanruk op die ander buiteposte in die suidelik Sahara? Besef u dat daar niks sal oorbly! Nog nooit was hulle so verenig soos op hierdie oomblik nie. Nog nooit was daar so 'n onverbiddelike band wat hulle gebind het nie. Vul dit u nie met skrik dat Doelak en Berber, die aartsvyande van die woestyn, hierdie keer skouer aan skouer veg nie?"

Le Clerq vee oor sy oë. "Laat dit wees soos dit wil, D'Arlan. Daar is een ding wat ek nie sal doen nie. Ek is 'n soldaat. My hele lewe is gebonde aan my loopbaan in die Vreemdelegioen. Ek is nie van plan om dit te beëindig nie. Ek sê jou D'Arlan, ek gaan veg."

"En ek kan u een versekering gee, mon colonel: as u gaan veg, sal nie ek of u of een man in hierdie garnisoen oor wees om ons loopbane in die legioen voort te sit nie. En nie alleen dit nie - as ons veg, sal ons 'n daad doen wat die hele Franse houvas op hierdie gedeelte van die Sahara, miskien op die hele Algerië, ernstig in gevaar sal bring."

"Dus jou raad aan my, Capitaine," sê Le Clerq, "is dat ek 'n uitdruklike bevel van die opperbevel moet verontagsaam?"

"Beskou dit soos u wil, mon colonel. Ek sê u, ons kan die emir Moellah nie teregstel nie."

"En wat wil jy nogal met hom doen?"

"My raad aan u is dat u hom moet vrylaat."

Le Clerq slaan met altwee sy hande op die lessenaar. "Is jy waansinnig, D'Arlan? Is jy skoon van jou kop af?"

"Kolonel Le Cerq, ek is by my volle verstand. Ek gee aan u die enigste raad wat ons kan red. Ek weier om 'n besluit te neem wat